Vrydag 21 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 2:1-11

Fokusgedeelte: Romeine 2:4 (AFR83/AFR2020)

## Moenie God se goedheid en geduld misbruik nie

God waarsku die Jode om nie hulle bevoorregte posisie te misbruik om oor nie-Jode te oordeel nie (2:1). Hulle het geen rede om op hulleself te roem nie, want hulle redding is deur God se genade in Christus, en nie omdat hulle Jode is, besny is en die Wet onderhou nie.

Die Jode veroordeel ander, maar doen self dieselfde sondes, en daarom kan hulle nie die oordeel van God vryspring nie (2:3). In vers 4 wys God deur Paulus aan hulle dat hulle deur hulle optrede God se rykdom van goedheid en geduld minag en misbruik. God se goedheid is daarop gerig om sy kinders tot bekering te bring, nie om hulle te laat dink hulle is beter as ander nie. Sulke onbekeerlike harte laat God se toorn opstapel en beloof niks goed vir hulle nie. Tog wag heerlikheid, eer en vrede op elkeen wat goed doen teenoor sy medegelowiges, ongeag of dit ’n Jood of ’n Griek is.

Vandag sien ons dieselfde neiging: soveel gelowiges oordeel oor ander wat nie lyk, dink of optree soos hulle nie. So maklik word daar oor ander geoordeel, terwyl ons almal met dieselfde swakhede worstel. Ons maak ’n fout as ons dink God sal ons swakhede oorsien, terwyl dié wat anders lyk en dink, God se toorn verdien.

Vers 4 maak duidelik dat ons God se goedheid en geduld minag en misbruik wanneer ons so optree en dink. God se goedheid en geduld teenoor ons is nie ’n vergunning om vrye teuels te geniet nie, maar juis om ons tyd te gee om tot bekering te kom. Hierdie goedheid en geduld mag nie misbruik word om onsself beter te laat voel as ander nie, ten koste van dié wat anders lyk en dink. Hierdie genade van God in Christus moet ons deur die Heilige Gees aanspoor om sy goedheid tot voordeel van al ons medegelowiges aan te wend. Dan sal ons die heerlikheid, eer en vrede reeds in hierdie wêreld én ook in die wêreld wat kom, smaak.

*Sing: Psalm 25-1:5, 6*

*Ds. AN (Nikla) du Plessis (Worcester)*